

SKRYF VAN 'n

EKSPERIMENTELE

VERSLAG.

Stap 1

▶ IDENTIFISEER:

1. Onafhanklike veranderlike
2. Afhanklike veranderlike
3. Kontrole veranderlikes

ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE

- ▶ Veranderlike wat JY verander tydens die eksperiment

AFHANKLIKE VERANDERLIKE

- ▶ Veranderlike wat verander a.g.v. die ONAFHANKLIKE veranderlike.

KONTROLE VERANDERLIKE

- ▶ Alles wat konstant moet bly om die eksperiment 'n geldige/billike eksperiment of toets te maak

Stap 2

▶ SKRYF VAN DIE VERSLAG

Eksperimentele verslag

- ▶ **Die** **Doel**
- ▶ **Vrou** **Vraag**
- ▶ **Het** **Hipotese**
- ▶ **Amper** **Apparaat**
- ▶ **My** **Metode**
- ▶ **Vet** **Veiligheidsmaatreels**
- ▶ **Varkie** **Veranderlikes**
- ▶ **R** **Resultate**
- ▶ **aak** **Analise**
- ▶ **Ge-** **Grafieke**
- ▶ **Gooi** **Gevolgtrekking**

1. DOEL

- ▶ Begin altyd met “ Om”
- ▶ Noem die onafhanklike en afhanklike veranderlikes in die doel.

2. ONDERSOEKENDE VRAAG

- ▶ Noem die onafhanklike en afhanklike veranderlikes in die vraag. Sit 'n VRAAGTEKEN aan die einde van die sin!
 - ▶ Gebruik die woord “VERWANTSKAP”

3. HIPOTESE

Die hipotese is 'n voorspelling of vroeë gevolgtrekking vir die eksperiment.

Noem die verwantskap tussen die konstantes, dui aan of dit direk- of omgekeerd eweredig is.

4. APPARAAT

- Visualiseer die ekperiment.
- Vul aan nadat metode beskryf is.
- Dui aan hoeveel van elke apparaat benodig word.
- Wees volledig.

5. METODE

- Werk altyd STAPSGEWYS.
- Doen eers op rof, sorteer en skryf op vraestel.
- Eindig met:
 - * herhaal die eksperiment.
 - * kry gemiddelde waardes.

6. VEILIGHEIDSMATREËLS

- ▶ Noem die veiligheidsmaatreëls wat tydens die eksperiment gevolg is.
- ▶ Dampkas; veiligheidsbril; handskoene; oop vlam

7. VERANDERLIKES

- ▶ Noem die drie veranderlikes onder hulle opskrifte.

8. RESULTATE

- ▶ Resultate word altyd in TABELVORM gegee.
- ▶ Voeg 'n kolom by waaruit die gevolgtrekking gemaak kan word.
- ▶ Skryf ekstra sinne onder tabel indien nodig.

9. ANALISE

- ▶ Skryf 'n paar sinne oor wat jy waargeneem het.
- ▶ Kyk na patrone en verwantskappe


10. GRAFIEKE

- ▶ Beantwoord altyd die vraag indien 'n spesifieke grafiek gevra word.
- ▶ Indien nie spesifiek gevra nie word die **AFHANKLIKE** veranderlike op die **Y-AS** en **ONAFHANKLIKE** op die **X-AS** geplaas.

GRAFIEKE: die volgende is belangrik.


1. OPSKRIF: y-as teen x-as word in sin geskryf
2. Benoem asse met EENHEDE.
3. Korrekte skaalindeling.
4. Punte van grafiek almal duidelik gemerk. Trek mees korrekte lyn.

DIREK EWEREDIG



- ▶ 1. 'n Reguit lyn deur die oorsprong van die grafiek impliseer direkte eweredigheid.
- ▶ 2. Direk eweredig beteken as die een waarde grootter word, word die ander in verhouding groter.

OMGEKEERD EWEREDIG



- ▶ 1. Grafiek se vorm is 'n hiperbool.
- ▶ 2. As die een waarde toeneem, neem die ander in verhouding af.

11. GEVOLGTREKKING

- ▶ ONDERSOEKENDE VRAAG MOET BEANTWOORD WORD.
- ▶ Verwys na die grafiek en waardes in die tabel om tot gevolgtrekking te kom.
- ▶ Noem al die veranderlikes.